SSK

# wenakker

September 2020

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

Psalm 121: "My hulp is van die Here wat Hemel en aarde gemaak het."

*"Moenie slaap nie*
*Moenie slaap nie, kyk!*
*Agter die gordyne begin die dag dans*
*met 'n pouveer in sy hoed"*
*~ Ingrid Jonker*



**COVID-19 VOORKOMING / PREVENTION**




**Werk saam, Wen saam | Work together, Win together**

Foto: Pieter Crous

# 'N UITTREKSEL UIT DIE VOORSITTERSVERSLAG
# A SYNOPSIS OF THE CHAIRMAN'S REPORT
## (SSK Algemene Jaarvergadering, 24 Julie 2020, Virtueel op Swellendam)


SSK Voorsitter: Dirk van Papendorp

***STANDVASTIGHEID WORD GEBORE UIT SWAARKRY/ HARDSHIP LEADS TO STEADFASTNESS***

It is my pleasure, as Chairman of the Board, to present this report to our members at this 89th Annual General Meeting of SSK. SSK has been blessed in the past year, despite of a storm raging. Hardship, leads to steadfastness.

The year under review changed dramatically in the SSK region after July 2019. The drought in the Southern Cape was responsible for the worst year for grain farmers in the past 10 years. Wool prices decreased by up to 30% and the meat and dairy industries remain unpredictable.

Vrugteboere het in 2019 'n billike jaar ervaar en met die gunstige wisselkoers kon goeie pryse op die uitvoermarkte behaal word. 2020 het egter sy eie uitdagings, met besproeiingswater wat veral in die Langkloof nie oral meer voldoende is nie.

Oorhoofs beskou, het die droogte die landbousektor in die streek in 'n konsolidasie fase geplaas.

SSK se doelwit was nog altyd om sy lede op hul plase te hou. Die feit dat gesonde, soms konserwatiewe, beginsels deurgaans by kredietverlening gevolg is, gekoppel aan uitstekende samewerking en goeie verhoudings met al die vernaamste handelsbanke het weereens die knoop deurgehaak. Doelgemaakte oplossings kon vir die meeste lede op die tafel gesit word, sodat hulle kon voortgaan om te doen waarvoor hulle bekend is; **om aan te hou voedsel produseer.**

SSK het ondanks al die neerdrukkende faktore wat ons land en die landbousektor getref het, steeds 'n goeie finansiële jaar gehad. Groep omset styg met 3% en 'n bruto wins styging van 1% is ten spyte van moeilike omstandighede by beide die koöperasie en die groep behaal.

Die 5.3% groei in ledetal in die afgelope jaar is vir ons 'n riem onder die hart en wys dat kliënte SSK se besigheidsmodel verkies. Om 'n R16m ledebonus te kan verklaar is vir die Direksie 'n voorreg, gegewe die moeilike jaar wat beleef is.

'n Goeie landboujaar is nou broodnodig en kan die tafel dek, nie net vir die verbetering van die lid se finansiële posisie nie, maar ook vir gesonde groei by SSK en sy filiale.

Be assured of the Board's unwavering commitment in co-operating with management to ensure continued and improved service delivery to you, our members. All SSK employees deserve a special mention. They gave their utmost in the past year, contributing immensely in ensuring success for SSK, despite a very difficult year.

Ons leuse, *Werk Saam, Wen Saam* het weereens vrugte afgewerp. Saam bereik ons groot hoogtes. SSK is hier om te bly.

Ons dank ons Hemelse Vader vir die feit dat Hy ons toelaat om so nóú met Sy skepping te werk. Ons eer Hom vir Sy geduld en onvoorwaardelike liefde in ons daaglikse omgang met die natuur.

'n Mooi landboujaar word u toegewens! We wish you the very best.

*- Dirk van Papendorp*
*(SSK Voorsitter)*

**DER KELDERMEISTER**

## TOP 10 WINES

**Wynverkope tydens toegelate tydperk**

1. Van Loveren Pinotage
2. Jakkalsvlei La Perlé Rosé
3. Beyerskloof Pinotage
4. Unbelievable Dry Red
5. Van Loveren Sauvignon Blanc
6. Jakkalsvlei Pinotage
7. 1659 Classic Red Blend
8. Koelenhof Pinotage
9. Koelenbosch Merlot
10. Bakenskop Rooi Muskadel

## WYSHEID VAN DAE

"Humor is soos die vere onder 'n wa"

FRR (Ryk) Neethling, gebore 10 November 1881 op die plaas Dwaalhoek, Caledon distrik.

# FREDDIE LOURENS VAN VAALKOP





Freddie Lourens tussen sy pragtige canola.

"Freddie het nie 'n lui haar op sy kop nie. Vroegoggend is môre se take al afgehandel". Só vertel sy vrou Annette, terwyl ons op Vaalkop, hul plaas langs die Breërivier, koffie drink en skons eet. Hulle oudste dogter, Freda, kuier by hulle en sit saam en skinder goediglik oor haar pa. Sy vertel dat haar broer, Christiaan, en haar man, Justin, tydens die inperking in een dag vir Freddie gehelp het om 'n groot trop skape te klas. Freddie doen alles vinnig, "dit moet klaarkom". Sy lag as sy vertel dat die twee jonges doodmoeg en dors die aand tuis gekom het. Freddie het soos altyd voor gevat en hulle moes alles uithaal om by te hou. Freddie luister stilweg na wat die vrouens vertel en glimlag net skuinsweg.

Hy vertel dat sy pa, Hannie, op die plaas Vaalkop en Diamant geboer het, wat ongeveer 10km van Vaalkop is. Van daardie tyd af tot vandag, boer hulle al met graan en vee, maar veral met skaap. Sy pa het die plaas geërf, maar is oorlede toe Freddie 12 jaar oud was. Sy ma het toe die plaas Vaalkop verhuur, Diamant verkoop en met die 5 kinders in die dorp gaan woon. Hy vertel dat sy ma as Suster by die Rooikruis baie betrokke was by die gemeenskap. Sy het altyd gesê: "As jy vir jou medemens niks kan beteken nie, is jy nie 'n mens nie".

In die ou dae het die jong manne van Swellendam óf by die verpleegsterskoshuis óf by die skoolkoshuis gaan kuier. Freddie het hoog en laag gesweer dat hy nooit met 'n onderwyseres gaan trou nie, maar die koeël was deur die kerk toe hy die mooie juffrou Annette van Swellendam Hoërskool op 'n sporttoer in Clanwilliam ontmoet. Freddie het agsteman gespeel vir die dorpspan, wat saam met die eerste rugby- en netbalspanne op toer gegaan het. 34 jaar se getroude lewe en 3 kinders later, is die toer nog nie verby nie. Hul twee dogters, Freda en Margit, is onderskeidelik 'n geoktrooïeerde rekenmeester en apteker en hul seun Christiaan is 'n meganiese ingenieur.

Freddie se oupa, Piet Lourens, was een van die stigterslede van die Koöperasie en het op die Direksie gedien van 1931 tot 1935. Sy oupa se broer, Marthinus Lourens het van 1936 tot 1954 gedien en sy neef Pietman Lourens van 1988 tot 2011. Freddie was sedert 2011 'n SSK Direkteur en het in Julie uitgetree. Hampie, Pietman se seun, wat pas verkies is tot die Direksie, sit nou die Lourens tradisie by SSK voort.

> **"...maar 'n boer moet nooit stagneer en sit en slaap nie, geleenthede gaan verby."**

Freddie het baie hoop vir landbou in Suid-Afrika. Soos Jan Brand glo hy alles sal regkom as elkeen sy deel doen. "Groot is nie noodwendig altyd goed nie, maar 'n boer moet nooit stagneer en sit en slaap nie, geleenthede gaan verby". Freddie hou sy hand op alles. Hy vertel van ou oom Thys wat klas-melk van droëland af gelewer het. Toe hy by die Landbouvereniging gevra is hoe hy dit regkry antwoord hy: "Elke oggend en elke aand skud ek my vuurhoutjieboks in die melkstal".

SSK se korporatiewe video eindig met Freddie wat diepdenkend na die sonopkoms staar. Dié prentjie som hom goed op, hy dink eers goed en reageer dan vinnig en beslis. Hy is 'n man wat niks vir soetkoek opeet of goedmoeds aanvaar nie. Ons, by SSK is dankbaar vir sy bydrae tot die Raad die afgelope 9 jaar en as lid vir die laaste 40 jaar.

*- Annelie van Wyk*



V.l.n.r: Freda, Freddie, Annette, Christiaan en Margit .

FOKUS OP: SSK WERKNEMERS

# FRANCOIS MOLLER

## Operasionele Bestuurder: Handel

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek het op Bonnievale groot geword en ook daar gematrikuleer. Ek het my vrou, Maritsa in Swellendam ontmoet waar sy nog haar lewe lank bly. Ons is nou amper 26 jaar getroud en het drie dogters. Natassia, die oudste, is verloof aan 'n Amerikaner en bly en werk al die afgelope 12 jaar daar. Megan ons middelkind, is 'n onderwyseres op Villiersdorp en ook getroud met 'n onderwyser, so hopelik is my kleinkinders eendag slimmer as hulle oupa. Ons baba Nadia bly in Port-Elizabeth en is saam met haar verloofde werksaam in 'n familie besigheid.

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ek en my vrou het die kuikens uit die nes geskop. Ons is nou gewoond daaraan om al die tyd vir onsself te hê. Beide van ons het 'n liefde vir die see, maar ek sal nie sê vir dieselfde redes nie. Ek geniet hengel, (let wel nie visvang nie). Dis my tyd vir stil word en sommer net afskakel van die daaglikse gejaag in die lewe en werk. Maritsa is baie lief vir skilder. Ons is ook lief daarvoor om net rustig voor 'n braaivleisvuurtjie te sit en gesels, of saam met vriende te kuier.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Na skool het ek diensplig van 2 jaar, (1987-1988) in die Lugmag voltooi. Daarna het ek by Korrektiewe Dienste aangesluit vir 17 jaar, waarna ek vir 3 jaar my eie besigheid bedryf het. In 2009 het ek vir 'n jaar lank in Amerika gaan werk en het in 2010 by SSK begin as 'n Senior Bemarker in die Bou-afdeling op Heidelberg. Daarna is ek aangestel as Vulstasiebestuurder by die Caltex-tak op Swellendam, Takbestuurder by AgriLand Swellendam en is na 8 jaar diens by SSK bevorder tot Operasionele Bestuurder: Handel.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

My hele loopbaan binne SSK is vir my een groot prestasie waarop ek geweldig trots is. Iets wat my altyd sal bybly is toe ek en my Caltex-span by die Moov glansgeleentheid in 2014 skoonskip gemaak het met al die pryse. Daar was 4 kategorieë waarvan ons 3 eerste plekke en 1 tweede plek gekry het. Ons het groot pryse gewen, maar die trots vir SSK wat ek daardie aand voor 'n saal vol mense beleef het, kan geld nie koop nie.



Nadia, Francois, Maritsa en Megan.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Binne die volgende 5 na 10 jaar sal daar reg oor die wêreld 'n hele generasie uit die beroepswêreld tree. As jy wonder of jy deel uitmaak van daardie generasie, sal jy weet as verpligte diensplig en pakslae op skool by jou 'n klokkie lui.

Ons is nou in die oorgee-proses aan ons jong dinamiese opvolgers en SSK se gesig sal binnekort verander. Vir die volgende 5 jaar sal ek my beywer om seker te maak dat ek saam met hierdie span 'n sterk en gesonde SSK aan die nuwe generasie oorgee.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

Dit het gekom in die vorm van 'n verjaarsdaggeskenk boek van Maritsa. Die boek se naam is "The Secret" van Ronda Byrne. Dit handel oor positiewe denke wat jou kan verander en jou realiteit kan word. Hierdie boek het my lewe verander.

# LANGDIENS ERKENNING

**25 JAAR:** Linda Jonkerman, Marius Stander en Clifton Lane.

**20 JAAR:** Stephan Potgieter

**15 JAAR:** Anelda Burger, Sanet Slingers, Adriana Abrahams, Jan Roberts, en Andrew Hartnick.

**10 JAAR:** Zodwa Gulwa, Sharlton Everts, Quinton Ludick, John Mitchell, Laetitia Du Plessis, John Afrikaner, Henry Gale, Levona Francke en Muriel Gertse.



Linda Jonkerman van AgriLand Knysna; 25 jaar diens.



Marius Stander van die Karringmelks Silo's; 25 jaar diens.



Clifton Lane van Swellendam Silo's; 25 jaar diens.

# NICO DE KOCK VAN RIET VALLEIJ



**Agter v.l.n.r: Nico (Junior), sy vrou Nadia en Riana en haar man Johannes van der Sluys. Voor v.l.n.r: Jeanne, Nico en Annette.**

Nico de Kock van Riet Valleij, buite Suurbraak se geskiedenis is nou verweef met dié van SSK. Hy is die enigste persoon sover wat kan spog dat hy 'n SSK Werknemer, Lid en -Direkteur kon wees. Hy tree vanjaar uit as Direkteur na 16 jaar waarin hy 'n groot bydrae gelewer het op die SSK Raad, asook as Voorsitter van die filiaal, Technifarm en SSK se Sosiaal- en Etiese komitee.

Nico het grootgeword op Stellenbosch en behaal sy Meestersgraad in Landbou daar. Hy het van kleins af gehoop om eendag te boer en het selfs vakansies, wanneer almal see toe gaan, sy ooms se plase opgepas. Hy ontmoet sy vrou, Jeanne, op Stellenbosch toe hy 12- en sy 10 jaar oud was, maar Nico beklemtoon dat hul romanse darem eers begin het toe hulle studente op die dorp was. Hulle het 3 kinders, Nico (Junior), Riana en Annette. Die de Kock's is kennelik bedrywig en sit nie stil nie. Met my besoek is Jeanne besig om wiskundeklasse te gee, Nico doen beplanning en die hond smeek al stertswaaiend vir 'n stappie in die berge. Nico en Jeanne is ervare stappers wat al verskeie staptoere, onder andere die Sederberg-, Visrivier-, Walvis- en Skeepswrakroete agter die blad het. Die volgende beplande stap, na die opheffing van die inperking, is die Tsitsikamma staproete.

Riet Valleij word sedert 1994 deur Nico en sy span bestuur. Die plaas is in die negentigerjare deur die huidige eienaar aangekoop met die doel om nie net 'n ekonomies volhoubare eenheid te bedryf nie, maar om ook 'n sosiale bydrae te lewer tot die plaaslike dorpe Suurbraak en Swellendam. Saam met hierdie inisiatief fokus die boerdery daarop om die omgewing te beskerm. Die belangrikste aktiwiteit op die plaas is melkproduksie en ook veeteelt vir die vleismark. Die totale grootte van die plaas is 2200 hektaar, bergagtige gebiede, veld en bewerkte lande ingesluit. Van hierdie totaal is 270 hektaar besproeide grond en 250 hektaar droë lande, wat die ongeveer 1600 beeste ondersteun. Riet Valleij se boerderymetodes kan opgesom word deur drie praktyke: bewaring, volhoubaarheid en modernisering.

Nico en Jeanne is ywerige voëlkenners en is passievol daaroor om die inheemse en endemiese flora- en fauna op die plaas te bewaar. Onder sy leiding het Riet Valleij bewaringslandbou begin toepas. Dié praktyk poog om 'n volhoubare boerderystelsel daar te stel, aangepas by plaaslike toestande en gewasse, wat die opbrengste optimaliseer. Hulle maak elke jaar van die SSK filiaal, Technifarm, gebruik om grondmonsters van die lande in te samel en te ontleed om sodoende die grondvoeding, asook grondgesondheidsstatus te bepaal, te meet en boere van advies te voorsien. Bemestingstowwe word aktief minder aangewend en presisie boerdery word toegepas.

> ***"'n Wyse man het eenmaal gesê dat die enigste belegging van waarde, 'n belegging in die aarde en sy voortbestaan is."***

Riet Valleij se mense besef die waarde van water en dat dit 'n skaars hulpbron is. Die water in die melkstal word herwin en spoel af in 'n dam, waar 'n tenkwa die water na die lande vervoer as 'n bron van organiese kunsmis bemesting. Gekombineer met die herwinning van water, beheer Riet Valleij (in samewerking met die Grootvadersbosch Bewarea) uitheemse indringerplante wat waterbronne uitput en inheemse plante verdring. Die proses om alle "blackwattles" op die plaas uit te roei duur reeds 26 jaar en is steeds nie afgehandel nie. Nico het 'n opvangsdam in die berg bo die eiendom laat bou, wat volgens die instruksies van die natuurbewaringsowerhede opgerig is. Dit bevat 'n kleiner pypleiding om te verseker dat daar steeds water vir die natuur deurgelaat word, wanneer die rivier laag loop. Die water vir besproeiing word deur die pypleidings onder eie druk na opgaardamme vervoer. Van daar word besproeiing onder eie gravitasie na die lande gedoen. Sodoende is die besproeiing op die plaas 80% onafhanklik van elektrisiteit, wat 'n groot bydrae tot die winsgewendheid van die plaas maak. 'n Wyse man het eenmaal gesê dat die enigste belegging van waarde, 'n belegging in die aarde en sy voortbestaan is. Nico en sy span op Riet Valleij het hierdie belegging lank gelede reeds begin maak en hou doelgerig hiermee aan.

Nico glo in die toekoms van landbou in Suid-Afrika. "Ek glo dat as genoeg mense, brandpunte van positiwiteit skep, dit hoop sal versprei na die groter gemeenskap, streek en die res van ons land. Almal in die SSK-bedieningsgebied is bevoorreg om in 'n sosio-ekonomiese omgewing te bly waar daar nog genoeg geleenthede is om positiwiteit te skep. SSK se betrokkenheid in die platteland lewer 'n groot positiewe sosio-ekonomiese bydrae tot die voortbestaan van gemeenskappe in sy bedieningsgebied.

Nico het in die 30 jaar wat hy betrokke is by SSK, gesien hoe SSK gegroei het van 'n klein plaaslike koöperasie tot 'n groot suksesvolle landbou besigheid met internasionaal gerekende filiale. SSK se leuse van **"WERK SAAM – WEN SAAM"**, geld werklik in die praktyk, tot voordeel van sy lede en die groter gemeenskap in sy bedieningsgebied. Nico groet as direkteur, maar bly steeds 'n baie lojale lid van SSK.

*- Annelie van Wyk*

# HOOFBESTUURSTOEKENNINGS

Welgedaan en Welverdiend! SSK se personeel ís en bly ons grootste bate. Hoofbestuur gee jaarliks erkenning aan personeel wat konsekwent uitsonderlike diens lewer in die vorm van 'n "Hoofbestuurstoekenning". Dit is die 9de jaar wat hierdie toekenning gedoen word.




V.l.n.r: Gerdus Steyn (Afdeling Bestuurder: Saad), Johan Kluyts (Silo-Bedryfsbestuurder, Graan Swellendam), André Burger (Senior Bestuurder: Handel), Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin), Erenst Pelser (Hoof Uitvoerende Beampte), Henk de Beer (Hoofbestuurder: Bedrywe), Simonique Uys (Administratiewe Beampte, Krediet Heidelberg), Dirk van Papendorp (Voorsitter) en Olivia Koopman (Krediteure Klerk, Admin Swellendam).






# AGRILAND NOLL: IN DIE OU DAE EN VANDAG

Vaandrig August Beutler en sy geselskap kom op 15 April 1752 in die gebied aan wat vandag bekend staan as Noll in die Klein-Langkloof. Dit was reeds vroeg skemer en hulle moes noodgedwonge kamp opslaan, ten spyte van groot leeuspore wat oral in die rivierbedding te sien was. Daar word vertel dat hulle die vure dwarsdeur die nag gestook het en selfs skote met die snaphane afgevuur het, maar die leeus bly steeds in die omgewing. Die volgende dag merk hulle die groot spore op wat in die laatnag om hulle tente en die veekraal geloop het. Nogtans noem hulle nie die gebied Leeupoort nie, maar eerder "De Diepe Rivier", na aanleiding van die groot steiltes langs die oewers van die rivier wat deur die gebied gekronkel het.

Die eienaar van die eerste leningsplaas was Roelof Campher in 1762 en ná hom die grootwildjagter, Andries du Preez. Die ligging van die plaas word in amptelike rekords aangedui as "extending north towards Kamnatieberg, south to the kleyne Langekloof's Mountains, east to the place Keykoe and west towards the place Eenzaamheid". Gerrit van Rooyen vestig hom daar in 1769. Hy en sy vrou Marta Jacoba Ferreira het 10 kinders gehad waarvan nasate vandag nog in Noll boer. 'n Kleinseun van Gerrit, Ignatius Marthinus van Rooyen, was destyds 'n vooruitstrewende boer. Hy was 'n saaiboer wat ook onder andere 500 teelperde aangehou het en perderesies is gereeld op die resiesbaan oorkant die Kleinrivier gehou. Die poshalte tussen Blanco en Wolwekraal was by Dieprivier en perde is daar omgeruil, voordat die poskontrakteur die lang tog verder aangepak het met vars perde.

'n Skooltjie, die Dieprivier Primêre skool, word in 1938 gevestig en floreer vandag nog. Die Takbestuurder van SSK AgriLand Noll, Susan Barkhuysen, is 'n gebore en getoë "Noller". Sy vertel dat die skoolhoof, oorlede Mnr. Oelofse, baie keer net na pouse, wéér 'n pouse aangekondig het omdat 'n boer by hom kom kuier het. Hy was 'n goeie onderwyser en het dan die verlore werk gou ingehaal. Dieprivier as pleknaam verander eers in die middel twintigste eeu na Nollshalte en deesdae heet dit sommer kortweg Noll. Die families wat hulle sedert die agtiende, negentiende en vroeg twintigste eeu hier gevestig het se nasate is SSK lede en boer vandag nog in dié mooi en vrugbare area. Dit sluit in E.P. van Rooyen van Target Brand Orchards, Brian Barkhuysen van Triangle, Gerrit Campher van Ganzekraal, Johan Fourie van Sunnyside en Collin van Rensburg van Vaaldraai. Van die ander nasate boer onder andere by Kliprivier, Kykoe, Eenzaamheid en in die Kammanassie.

Die eerste koöperasie in die Langkloof was die Uniondale Koöperatiewe Vereniging wat in September 1931 gestig is. Dit was die voorloper van die Langkloof Boerekoöperasie (LBK) wat in Maart 1946 gestig is en vandag deel is van SSK. Die Noll tak word in 1958 deur LBK ge-open en word steeds vandag onder die naam AgriLand Noll op dieselfde perseel bedryf. Hans Barkhuysen was die eerste Takbestuurder. Hy was bekend as "regop Hans" en was 'n baie presiese mens. Niemand is agter die toonbank toegelaat nie en as iemand byvoorbeeld 'n pond spykers wou koop, sou hy 'n spyker in die helfte deurknip om seker te maak daar is nie 'n halwe ons te veel nie! Daar word vertel dat hy op 92-jarige ouderdom nog die "ou tannies" van die aftree-oord in Humansdorp, dorp toe gery het. Susan vertel dat daar toeka se dae Saterdag-aande in die koöperasie-stoor gelangarm is. Dan het twee broers, Ferdie en Harold van Rensburg en hulle kinders musiek gemaak en soms is langspeelplate gespeel. Sy vertel dat



**Oom Hans Barkhuysen, Takbestuurder voor die tak in 1960.**



**Tanya Barkhuizen, Sharlton Everts, Johannes Jonck, Derrick Rossouw en Susan Barkhuysen (Takbestuurder).**

oom Ambrose van Rensburg Van Môreson een aand vir haar pa, Grootboet Barkhuysen gesê het dat hulle "vanaand die plate so dun soos minora blades gaan dans".

AgriLand Noll het 5 personeellede wat elke lid en kliënt uit die streek se naam ken. Die tak fokus op die behoeftes van die omgewing en is altyd reg vir planttyd, natmaaktyd, snoeityd en pluktyd. Brandstof, gas, plukklere/-skêre, besproeiing, draad en broodnodige kruideniersware is beskikbaar en vooraad word weekliks afgelaai of oornag per koerier gelewer as die behoefte dringend is. Susan sê Noll is 'n vriendelike en hulpvaardige gemeenskap waar mense lekker en in vrede saamwoon.

Draai gerus volgende keer daar af as jy op die N9 tussen George en Uniondale opreis is. As jy die tweede keer daar stop, gaan jy op die naam gegroet word.

*- Annelie van Wyk*

*( Krediet: Die storie van Langkloof deur Anista van Huyssteen )*

## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | MEI 2020 | JUNIE 2020 | JULIE 2020 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 5 | 0 | 0 |
| Albertinia | 61 | 29 | 32 |
| Ashton | 15 | 34 | 38 |
| Avontuur | 20 | 31 | 26 |
| George | 59 | 24 | 17 |
| Heidelberg | 44 | 20 | 44 |
| Herold | 34 | 23 | 24 |
| Joubertina | 45 | 18 | 12 |
| Karringmelks | 57 | 34 | 42 |
| Knysna | 69 | 18 | 30 |
| Misgund | 64 | 21 | 28 |
| Mosselbaai | 42 | 17 | 19 |
| Protem | 34 | 47 | 37 |
| Plettenbergbaai | 61 | 28 | 25 |
| Riversdal | 44 | 24 | 44 |
| Swellendam | 59 | 37 | 40 |
| Uniondale | 20 | 10 | 13 |

**Gellewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

# SSK DIREKSIE



**Voor v.l.n.r: Schalk Viljoen (vise-Voorsitter), Dirk van Papendorp (Voorsitter), Erenst Pelser (Hoof Uitvoerende Beampte), Henk de Beer (Hoofbestuurder: Bedrywe)**
**Middel: Jonathan Barry, Thys Streicher, Hampie Lourens, Johannes Joubert, Piet (Sands) Uys, Adriaan Steyn**
**Agter: Thys Odendaal, John Robertson, Marais Pienaar en Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin)**

# SSK VOERMOL EN MSD PROMOSIE

SSK Agriland het op 13 Julie 2020 'n opwindende promosie en kompetisie in samewerking met MSD Dieregesondheid en Voermol geloods. Die promosie is op 8 en 9 Julie aan die Takbestuurders, Veldbemarkers en voer en veeartseny verkoopspersoneel bekend gestel. Tydens die geleentheid is opleiding oor die promosieprodukte ook deur MSD en Voermol aangebied.




**Gertjie Odendaal, Ryno van der Merwe, Henk de Beer, Frik Hattingh, Coenie van der Berg en Desmond Hayes.**




**André Jonker, Hencor Combrinck, Isabel Geldenhuys, Anton Swart en Riaan Barkhuizen.**



**Freddie Victor, Jonelle Fiet, Nelius van Zyl, Andre van Wyk en Johan Campher.**




**Eric Smith (MSD Dieregesondheid), Karen Nel en Nico Klinck (Voermol).**

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za
Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing : Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling en rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za